Absa L'Atelier

INSKRYWINGS WORD GEVRA VIR DIE ABSA L'ATELIER-KOMPETISIE, SUID-AFRIKA SE VOORSTE KUNSTOEKENNING.
Die kompetisie word jaarliks vir kunstenaars tussen die ouderdom van 21 en 35 jaar aangebied. Die toekenning verleen nie alleen erkenning aan die land se opkomende kunstenaars nie, maar bied ook aan hulle die geleentheid om hulle talente oorsee te ontwikkel.

Elf pryse word toegeken: Die algehele wenner ontvang R110 000 in totaal van Absa, asook 'n retoervliegkaartjie na Parys, Frankyk. Die prysgeld moet aangewend word vir studieverblyf van minstens drie maande, maar nie langer as ses maande nie, in die woonsteletlejee in die Cité Internationale des Arts, wat vir die doel aangekoop is. Die geld sal beskikbaar gestel word wanneer die wenner na Parys vertrek. 'n Verdere vier merieteprys van R25 000 elk sal toegeken word. Die top tien finaliste sal elkeen R2 000 ontvang.

Die Alliance Française, die Franse Instituut en die Franse Ambassade borg die Gerard Sekoto-toekenning vir die belowendste kunstenaar met 'n jaarlikse inkomste van minder as R60 000. Die prys bestaan uit 'n retoervliegkaartjie na Parys, drie maande verblyf in die Cité Internationale des Arts, landwye toerende uitstalling, opleiding in Frans en 'n opdrag vir die ontwerp van 'n plakkaat vir die uitstalling – totale waarde ± R80 000.

Die inskrywingsvoorwaardes word in hierdie brosjure uiteengesit. Daar word van kandidate verwag om hulle ten volle van die voorwaardes te vergewis. Die inskrywingsvorm moet ingevul word en teen die keerdatum saam met die werke, asook 'n curriculum vitae en 'n kort beskrywing van die kunswerk, by die versamelpunt besorg word. Die sluitingsdatum vir inskrywings in al die streke is 5 Maart 2010. Werke sal tussen 1 en 5 Maart 2010 ontvang word.

In samewerking met die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging vir die Visuele Kunste.

Skryf vandag in vir die Absa L'Atelier Kompetisie.
Skryf in tussen 1 en 5 Maart 2010. Besoek absa.co.za vir meer besonderhede of skakel 011 350 5793.

Inskrywingsvoorwaardes

WIE MAG INSKRYF?

1. Die kompetisie is oop vir alle kunstenaars wat op 7 Maart 2010 nie jonger as 21 en nie ouer as 35 jaar is nie. In die geval van kunsstudente, mag slegs studente in hul finale studiejaar wat aan die ouderdomsbeperking voldoen, deelneem.
2. Slegs kunstenaars wat permanent in Suid-Afrika woonagtig is, mag aan die kompetisie deelneem.
3. Die wenner moet minstens drie maande, maar nie langer as ses maande nie, gebruik maak van die woonsteletlejee in die Cité Internationale des Arts in Parys en die prysgeld moet spesifiek hiervoor aangewend word (bv. maandelikse heffing van die woonstel in die Cité).
4. Die prysgeld moet binne 'n jaar na toekenning daarvan aangewend word.
5. Die wenner moet na sy/haar terugkeer van Parys sy/haar eerste uitstalling in die Absa Galery hou.

WATTER WERKE MAG INGESKRYF WORD?

1. Hoogstens drie werke mag voorgelê word en mag slegs by een versamelpunt ingedien word.
2. Slegs kunswerke wat voltooi is in die 24 maande wat die sluitingsdatum voorafgaan, word aanvaar.
3. Net oorspronklike werke mag ingeskryf word.
4. Inskrywings in alle media sal aanvaar word, onderhewig aan die volgende vereistes:

4.1 'n Enkelwerk, wat gehang moet word, raam ingesluit, mag nie meer as 30kg weeg en nie groter as 2m x 2m wees nie. Dit moet ook deur 'n enkeldeur van normale grootte kan gaan.

4.2 Beeldhouwerke, basis ingesluit, mag nie 'n massa van 100kg oorskry nie (grootte soos by 4.1).

4.3 Werke wat uit verskeie dele bestaan, moet van eenvoudige instruksies voorsien word vir die opstel en uitmekaarhaal daarvan.

4.4 Werke moet van so 'n aard wees dat dit maklik verpak, vervoer en uitgestal kan word. Die keurders en/of die organiseerders het die reg om te weier om werke wat nie maklik vervoer, geïnstalleer, gehang of hanteer kan word nie, te aanvaar of uit te stal. Geen gate mag vir die hang van kunswerke geboor word nie.

4.5 Werke moet sodanig wees dat dit nie gevaarlik of potensieel gevaarlik is nie en mag ook nie van so 'n aard wees dat dit beserings en/of skade aan persone of goed kan veroorsaak nie.

4.6 Kunstenaars moet self tegniese toerusting voorsien indien hulle inskrywings die gebruik daarvan vereis.

4.7 Geen kunswerk deur meer as een kunstenaar saamgestel, sal aanvaar word nie.

4.8 Video-inskrywings moet nie 5 minute oorskry nie.

4.9 Geen "performance art" sal aanvaar word nie.

VOORBEREIDING VAN KUNSWERKE
Werke moet gereed wees vir uitstalling en alle werke wat gehang moet word, moet van 'n geskikte raam met draad en hakies voorsien wees. Om beskadiging te voorkom, word perspex as bedekkingsmedium verkies bo glas .

Die kunstenaar se naam en adres, die titel van die werk, afmetings en medium moet duidelik op die etiket aangebring word wat by die versamelpunt voorsien sal word. Die etiket moet agterop of aan die onderkant van die kunswerk geplak word. Die bokant van die werk moet met 'n pyl aangedui word.

Die kunswerke wat finaal gekeur word, moet vir ses maande beskikbaar wees.

VERSENDING, KOPIEREG EN VERKOPE
Die kunstenaar is verantwoordelik vir die verpakking, versending en versekering van die werke wat vir voorlopige keuring by die streekversamelpunt ingedien word.

Die organiseerders onderneem om die werke wat vir finale keuring voorgelê word na Johannesburg en terug te versend, met dien verstande dat, in die geval van verlies van of skade aan enige werk, die organiseerders se aansprreklikheid, indien enige, tot hoogstens R5 000 beperk sal wees.

Absa behou hom die reg voor om die kunswerke wat finaal gekeur is, sonder vergoeding aan die kunstenaar, te reproduseer. Alle werke moet te koop wees en kan eers op die openingsaand gekoop word nadat Absa sy eerste opsie om te koop uitgeoefen het.

Die verkoopprys moet dieselfde bly as die verkoopprys wat op die inskrywingsvorm verskyn wat die inskrywer ingedien het. Indien 'n kunswerk vir die finale uitstalling gekies word, sal die kunstenaar nie toegelaat word om die kunswerk om welke rede hoegenaamd te onttrek nie.

SKADE EN/OF VERLIES
Indien enige werk gesteel of beskadig word of wegraak, sal die kunstenaar net geregtig wees op vergoeding tot die versekerde bedrag, met dien verstande dat die bedrag van die vergoeding beperk is tot hoogstens R5 000. 'n Eis moet ingestel word binne een maand nadat werke na versamelpunte teruggestuur is.

Aangesien die kunstenaar ook, soos hierbo, vir 'n beskadigde werk vergoed kan word, sal sodanige beskadigde werk hoegenaamd nie uitgestal of verder uitgestal word nie en ook nie in die katalogus op geneem word nie.

RISIKO
Risiko t.o.v. skade aan en/of verlies van 'n werk gaan eers oor op die organiseerders as die werk by die streekversamelpunte vir versending na die nasionale uitstalling verpak word. Die organiseerders aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade aan en/of verlies van 'n werk indien die betrokke kunsvereniging die werk by die streekversamelpunt uitstal nie. Kunstenaars is self verantwoordelik vir reëlings met die betrokke kunsverenigings met verlies van en/of skade aan die werk ten tyde van sodanige streekuitstalling. Enige eis voortspruitend uit verlies en/of skade by 'n streekversamelpunt moet onderling tussen die kunstenaar en die betrokke kunsvereniging opgelos word.

KEURING
Voorlopige keuring sal tussen 8 en 26 Maart 2010 by die nege streeksentra plaasvind. Die keurpaneel sal bestaan uit keurders uit die streek en Gwen Miller namens die Nasionale President van SANAVA, wat as voorsitter sal optree en 'n beslissende stem het in geval van 'n staking van stemme. Kunswerke wat nie gekeur is nie, moet binne sewe dae na 26 Maart 2010 verwyder word deur die kunstenaar self of 'n persoon wat skriftelike magtiging daartoe het. Kunswerke wat na afloop van die finale uitstalling na die versamelpunte teruggestuur word, moet binne sewe dae deur die kunstenaar afgehaal word. Indien nie, sal Absa na goeddunke geregtig wees om die werk names die kunstenaar te verkoop, of op enige ander wyse daaroor te beskik. Die beste 100 werke sal gekeur en na Johannesburg versend word, waar dit uitgestal sal word.

Finale beoordeling sal gedoen word deur 'n keurpaneel bestaande uit Gwen Miller as voorsitter, namens die Nasionale President van SANAVA (met 'n beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme) en die volgende vier persone: Guy du Toit, Theo Kleynhans, Vulindlela Nyoni and Robyn Sassen.

ALGEMEEN
Die beslissing van die beoordelaars is finaal.

NAVRAE
Cecile Loedolff by Absa
Tel: 011 350 5793 of 011 350 5139
Faks: 011 350 6076

Absa Bank Bpk, Reg no 1986/004794/06. Gemagtigde Finansiëledienstenverskaffer.
Geregistreerde Kredietverskaffer Reg no NCRCP7.

Versamelpunte

BELLVILLE
art.b
Die Kunsvereniging van Bellville,
Biblioteeksentrum, Carel van Aswegenstraat
Tel: 021 918 2287

BLOEMFONTEIN
Johannes Stegmann Kunsgalery,
Sasol Biblioteekgebou, Universiteitskampus,
Universiteit van die Vrystaat
Tel: 051 401 2706

DURBAN
artSPACE
Millarweg 3, Stamford Hill
Tel: 031 312 0793

JOHANNESBURG
Absa Galery, Absa Toringblok Noord,
Mainstraat 161
Tel: 011 350 5139/350 5793

OOS-LONDEN
Ann Bryant Kunsgalery
St Marksweg 9, Southernwood
Tel: 043 722 4044

PIETERSBURG/POLOKWANE
Polokwane Kunsmuseum, Library Gardens
Hans van Rensburgstraat, Polokwane
Tel: 015 290 2177

PORT ELIZABETH
NMMU (Voorheen Port Elizabeth Technikon) Noord-Kampus
Gordhamlaan uit Universiteitsweg, Summerstrand
Tel: 041 504 3256 of 041 504 3247

PRETORIA
Kunsvereniging Pretoria,
Mackiestraat 173, Nieuw Muckleneuk
Tel: 012 346 3110

THOHOYANDOU
Thohoyandou Arts and Culture Centre
Aandag: Ruben Mukhithi
Tel: 015 962 4739 of Selfoon: 084 749 1595

Inskrywingsvorm

Van:

Voorname:

Titel:

Posadres:

Poskode:

Woonadres:

Poskode:

Telefoon Huis:

Telefoon Werk:

E-posadres:

Geboortedatum:

(Gesertifiseerde kopie van ID moet aangeheg word)

Kwalifikasie:

Jaarlikse inkomste:

'n Volledige curriculum vitae van hoogstens een A4-bladsy moet hierby aangeheg word.

Hiermee onderwerp ek my aan die inskrywingsvoorwaardes.

Handtekening:

Datum:

Streek waar kunswerk ingelewer is:

Naam:

(drukskrif) van die persoon wat ontvangs geneem het

Handtekening:

Datum:

Streek:

Kunswerke Ingedien

Titel:

Medium:

Verkoopprys (kommissie en BTW uitgesluit): R

Versekeringswaarde: R

Afmetings:

Grafiese drukwerk – oplaag:

Getal beskikbare drukke:

Titel:

Medium:

Verkoopprys (kommissie en BTW uitgesluit): R

Versekeringswaarde: R

Afmetings:

Grafiese drukwerk – oplaag:

Getal beskikbare drukke:

Titel:

Medium:

Verkoopprys (kommissie en BTW uitgesluit): R

Versekeringswaarde: R

Afmetings:

Grafiese drukwerk – oplaag:

Getal beskikbare drukke:

Kunswerke Ingedien

Heg 'n kort beskrywing van kunswerk aan:

Heg 'n kort beskrywing van kunswerk aan:

Heg 'n kort beskrywing van kunswerk aan: